# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village - 29/2023 – January 2023*

# BAIE BELANGRIK

# *VERY IMPORTANT*

## Spesiale Algemene Vergadering 24 Januarie 2023

## *Special General Meeting 24 January 2023*

**Die rede vir die SAV is soos volg:**

1. **Alle strukture aan die buitekant van die wooneenhede is op gemeenskaplike grond opgerig en lede moet goedkeuring hiervoor hê en dit moet op die deelplanne van die eenhede by die aktekantoor geregistreer word.**
2. **Geen struktuur by die oord is volgens hierdie proses hanteer nie.**
3. **Alle strukture is dus onwettig.**
4. **Om die strukture wettig te kry, moet alle lede die vergadering van 24 Januarie 2023 bywoon en ten gunste van die voorstelle stem om die oord se gedragsreëls te wysig.**
5. **Indien 'n kworum van 30% van die lede nie teenwoordig is nie of die voorstelle nie deur 'n meerderheid van 75% goedgekeur word nie, sal lede die proses teen uiters hoë koste op hul eie moet hanteer of die struktuur binne 30 dae moet verwyder . Dit sluit alle motorafdakke, stoepskure, sonpanele van die geisers asook van elektrisiteit in. Skerms oor deure asook enige ander struktuur wat buite die eenheid opgerig is.**
6. **Dit is 'n baie belangrike vergadering**.

***The reason for the SGM is as follows:***

1. ***All structures on the outside of the dwelling units have been erected on common land and members must have approval for this and these must be registered on the sectional plans of the units at the deed's office.***
2. ***No structure at the resort was handled according to this process.***
3. ***So, all structures are illegal.***
4. ***To get the structures legal, all members must attend the January 24, 2023, meeting and vote in favour of the proposals to amend the resort's rules of conduct.***
5. ***If a quorum of 30% of the members is not present or the proposals are not approved by a majority of 75%, members will have to handle the process on their own at extremely high cost or remove the structure within 30 days This includes all carports, porch sheds, solar panels of the geysers as well as of electricity. Screens over doors as well as any other structure erected outside the unit.***
6. ***This is a very important meeting***

**Hierdie is 'n vergadering in terme van die deeltitel wet, gevolglik moet besluite daarvolgens geneem word.**
**Dit beteken dat volmagte beperk is tot twee volmagte per lid. (in 'n maatskappy is dit onbeperk).**
**Daarom is dit uiters belangrik dat u seker maak dat u self teenwoordig is of dat u volmag geldig is.**

***This meeting is held in terms of the Sectional title act and decisions are to be made accordingly.***
***It means that only a maximum of two Proxies can be presented by a member (in companies this is unlimited)***
***Therefor it is extremely important to either attend or to ensure that your proxy is valid.***

**'n Spesiale inligtingsessie oor die SAV sal op Dinsdag 17 Januarie 2023 in ons saal gehou word.**

***A special information session about the SGM Will be held on Tuesday 17 January 2023 in our hall.***

## 2.Kommunikasie

Daar sal 'n inligtingsessie wees vir nuwe intrekkers op **Donderdag 12 Januarie 2023 om 15:00** in die saal.

Die jaarlikse voorlegging en verduideliking van die begroting sal ook hierdie maand gehou word op **Dinsdag 17 Januarie 2023 om 14:00** in die saal.
Daar word beplan vir 'n inligtingsessie in Februarie oor die nuwe voedselvoorsieningskontrak wat vanaf 1 Maart 2023 van krag sal wees. Besonderhede later.

## 3. Whatsapp

Daar is twee Whatsapp groepe **"Bougainvilla 1"** en **"Bougainvilla 2"** gestig en meer as 500 van ons inwoners is reeds deel hiervan. Indien u nog nie deel is nie sou dit kan gebeur dat u nie ten alle tye ingelig is nie.
We also started a **"Bougainvilla English"** group and there are currently 23 of our residents connected.
Hierdie drie Whatsapp's groepe kan en sal slegs aangewend word om inligting aan ons inwoners oor te dra. Inwoners sal nie daarop kan reageer nie.
Daar is verder besluit om ook 'n Whatsapp groep **"Bougainvilla social fotos"** op te rig. Amper 150 van ons inwoners het reeds hierby aangesluit. Dit sal soortgelyk wees aan ons Facebook blad met foto's en algemene nuus en interessanthede. Laat gerus weet van sosiale geleenthede vir plasing, straatbraaie, verjaarsdae, herdenkings, kuiers, blomme, tuine, speletjies, rolbal ens ens.

## 4. Promosie Video

Promosie video van ons oord en van enkele van ons kontrakteurs soos:
"Pro-Care" "Fedics" "D&S tuin- en skoonmaakdienste" en "Guardnet" kan u ook op youtube kry. Tik net in "Bougainvilla Aftree-oord Channel"
Ons oord s'n kan ook gesien word by https://youtu.be/sXypttiBXfE beveel hierdie aan en versprei sover moontlik.
**Dit is deel van ons bemarking, 'n poging om waglyste te skep vir nuwe eienaars of huurders. Dit sal ons herverkoopwaardes verbeter.**

## 5.Geisers by woonstelle

Hierdie geiserkaste is gesluit. Inwoners het al knoppies gedraai of gedruk wat uiteindelik kostes veroorsaak het en selfs gevare geskep het. (ook argumente oor wie nou moet betaal)
Die geiser behoort egter aan die eienaar. Die eienaar is ook verantwoordelik om sy geiserkas skoon en netjies (sonder kokkerotte) te hou. Duidelik is dit problematies omdat die kaste gesluit is!!!
Tans word alle geiserkaste deur die HEV teen kokkerotte gespuit.
Daar is tans ook geen duidelikheid oor watter geiser by watter woonstel hoort nie.
Dit sal binnekort aandag kry en alle geiser/kaste sal duidelik gemerk word.
Toegang kan daarna verkry word met behulp van sekuriteit wat die sleutels sal hou.

## 6.Studente hulp vir APP's

Van ons inwoners het steeds probleme met die tegnologie en ons beplan om moontlik tye in te ruim en iemand (student) te kry om mense te help om apps op hulle fone te laai en die gebruik daarvan te verduidelik

## 7. Kommissaris van ede op die oord.

Mev Stevens van eenheid 72 is 'n kommissaris van ede. Sy is beskikbaar vir ons inwoners. As u iets moet laat beëdig kan u haar kontak by 6072. Sy is ten alle tye beskikbaar, die enigste voorwaarde is dat u haar voor die tyd bel om seker te maak dat die tyd vir haar geleë is.

## 8. Spyskaarte in A3

Spyskaarte kan in A3 grootte aangevra word maar **slegs deur en vir swaksiendes**, nie vir almal nie.

## 9. Straatname

Die volgende name vir die strate tussen die woonstelblokke is aanvaar.

a) Tussen Blok A1 en die sorgsentrum..... Duifie straat
b) Tussen dienssentrum en Blok B........... Kiewiet Straat
c) Tussen Blok B en Blok C.......................Mossie straat
   Die name sal binnekort aangebring/opgerig word

**10. Braaiarea**

Die bouery behoort klaar te wees laastens 31 Januarie 2023. Die ingang sal verander en rolstoelvriendelik wees. Die vloerteëls het gekom en sal vanaf 11 Januarie gelê word. Die werksareas langs die braaiers sal van graniet wees met wasbakke. Die hele area rondom sal geplavei word. Daar sal ook nog tien tafeltjies en 40 stoele bestel word, soortgelyk aan die op die koffiewinkel se dek. Vir groter funksies sal ander tafels en stoele spesiaal gereël moet word.

**11. Sunexchange sonpanele**

Na al die vertragings in laat November en Desember weens reën en veral ook winderige toestande is dit nou volstoom vorentoe. Ons verwag om binnekort blokke A1 tot A3 se panele te kan aktiveer. Spoedig daarna ook blokke B, C en D se panele.

**12. Oordbussie**

Ons het ’n nuwe busbestuurder Alta Erasmus. Sy is bekwaam en ons passasiers is baie tevrede. Ons onderhoudspersoneel kan nou meer konsentreer op die werk wat gedoen moet word.

**13.Voorkoms van Balkonne by ons woonstelle**

Daar is vir meer as 9 jaar nie baie aandag aan die **estetiese voorkoms** van ons balkonne gegee nie. Dit is omdat estetika op sy beste omstrede is.

Daar is basiese reëls wat van die HEV se kant toegepas gaan word. (wasgoed, besems, mops ens., nie toelaatbaar nie) Ons beplan om van alle balkonne en grondverdieping stoepe fotos te neem.

Dan gaan ons inwoners per woonstelblok na ’n vergadering nooi en vra wat julle as inwoners aanvaarbaar vind vir julle blok.

Ook die moontlike toemaak van die balkon tot op die hoogte van die reling sal dan bespreek word. Dit sou baie “morsige toestande” uit die oog kan hou, op voorwaarde dat die toemaak netjies volgens standaarde gedoen sal word.

**14. Vullisverwydering**

**A)** Swartsakke is vir die gewone huishoudelike vullis. U moet die sakke self aankoop.

**B)** Groensakke is vir tuinafval. U moet die sakke self aankoop.

**C)** Vir hersirkulasie is daar deurskynende sakke (word verskaf). Hierby ’n lys van wat hersirkuleer kan word & nie.

| YES - RECYCLABLE | NO - NOT RECYCLABLE |
|---|---|
| **PAPER** | |
| Books, pamphlets, letters, newspapers, white & coloured paper, magazines, office paper, catalogues, phonebooks, cardboard boxes (flattened) | Cardboard lined with plastic/waxed, small torn pieces of paper, toilet inner roll, egg holders, photo’s, file covers, wax papers, wrapping papers, tissue paper, charcoal bags |
| **GLASS** | |
| Clean bottles, jars and other glass items | Light bulbs, mirror- & window glass, ceramic, crystal |
| **METAL** | |
| Clean beverage and food containers | Paint and motor oil cans |
| **PLASTICS** | |
| Clean plastics, food- and beverage containers, soap- and laundry bottles, grocery- and retail bags etc. | CD’s, cassettes, polystyrene, tetra packs and printer cartridges |

**D) BAIE BELANGRIK**

**Volwasse doeke MOET in rooi sakke geplaas word. U sal MOET reël met die oordsuster/Sorgsentrum vir die sakke en vir die verwydering daarvan vanaf ons perseel. Indien van die doeke gevind word op die munisipale stortingsterrein en dit kan teruggespoor word na ons oord is die potensiële boete tot R10m (JA R10 Miljoen en/of 10 jaar). Maak asseblief seker oor alle detail met die Sorgsentrum.**

**Nog baie nuus, maar ons sal dit later deurgee. Glo julle is reeds moeg gelees. Ek is moeg geskryf.**